**Sondag 30 September**

| Skrifgedeelte: Rigters 21:1-25 | Fokusgedeelte: Rigters 21:2-3 |
|---|---|

# God is ons ware Koning, doen wat reg is in sy oë!

In die teenwoordigheid van God het die volk gesit en geween. Waarom het God dit laat gebeur, waarom moes dit met Israel gebeur? Asof dit wat God gedoen het, verkeerd was in die oë van die Israeliete. Hierdie teks wys vir ons dat God ons ware Koning is en dat sy wil volmaak is.

Nadat die volk Israel sien dat nie al die stamme teenwoordig is nie, begin hulle self planne maak om vrouens te kry vir die Benjaminiete. Hulle vra nie die HERE wat om te doen nie. Hulle doen wat hulle dink reg is. Hulle wis ’n hele stam se mans, vrouens en kin-ders uit wat hulle nie kan gebruik nie. Maar dié wat hulle kan gebruik, hou hulle vir hulle-self. Dan sien hulle egter dat hulle planne steeds nie werk nie. Hulle het nie genoeg vrouens nie. Die volk sondig dan weer deur opdrag te gee aan die mans om vrouens te steel by Silo en vir hulle te neem. Die gedeelte sluit baie uniek af: “… en elkeen het ge-doen wat reg is in sy eie oë.”

Doen ons dit nie ook nie? As iets fout gaan in ons lewens, probeer ons nie ook vir God die skuld gee nie – en maak dan ons eie planne? Ons is desperaat om net ’n oplossing te kry, so ons sal enigiets doen. God openbaar Homself in hierdie teksgedeelte deur te wys dat ons Hom moet volg en nie ons eie sondige natuur nie. Ons moet doen wat reg is in die oë van God. Maak nie saak wat die situasie is nie, sy wil is volkome en volmaak.

*Sing: Psalm 25-1:10*

*Teologiese Student PW (Wouter) Smit*